# STROOM-OP

**NUUSBLAD** VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL APRIL 1975


## TENNIS:
# INTERNASIONAAL

Op 2 April 1975 het die Afrikaanse Hoër Seunskool onteenseglik bewys dat hy een van die beste tennisskole in Suid-Afrika is. Die hele Noord-Transvaalse span wat teen die junior span van Wes-Duitsland gespeel het, het uit Affies bestaan.

Die twee onder sestien spelers, Pieter Smit en Ian Duvenhage, en die twee onder agtien spelers, Philip Viljoen en Johan Kriek het Affies en Noord-Transvaal se naam hoog gehou. Ek twyfel of die Wes-Duitsers ooit sou kon droom om sulke strawwe kompetisie van 'n skoolspan te kry. Hierdie puik eerste span van ons het hul skitterend van hul taak gekwyt en besonder goeie en aanskoulike tennis gespeel.

Vandat die eerste bal afgeslaan is, was dit baie duidelik dat Noord-Transvaal, oftewel Affies, baie hard sou moes speel as hulle wou wen. Philip het in die eerste wedstryd teen Klaus Eberhard te staan gekom en het baie goed vertoon. Hy het egter 'n ernstige beenbesering in die eerste spel van die wedstryd opgedoen en kon nie voortgaan nie. Die Duitsers was ons baie goedgesind en Tienie Prinsloo het Philip se plek ingeneem. Hier het ons tennis van hoogstaande gehalte gesien. Tienie verloor uiteindelik hierdie spannende wedstryd met 5-7, 6-4; 7-5. In die tweede wedstryd het Johan Kriek met Peter Elter 'n baie gedugte teenstander te doen gekry en met 6-3; 6-3 verloor. In die onder 16 afdeling het Pieter Smit teen Wolfgang Popp te staan gekom. Hy het goed begin en algaande verbeter, maar moes uiteindelik die knie buig met 6-2 en 6-4. In 'n skitterende wedstryd het Ian Duvenhage Wolfgang König met 6-4 en 7-5 geklop. Weens gebrek aan tyd kon die dubbelspel wedstryde nie afgehandel word nie. Ja nee, Woensdagmiddag 2 April was 'n groot, groot dag in Affies se geskiedenis en sal nog baie lank onthou word.

★


## NUWE ADJUNK-HOOF VIR A.H.S.

**Die 38-jarige mnr. M.G. Teichler is pas aangestel as die derde adjunk-hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool.**

Mnr. Teichler is tans visie-hoof aan die Nelspruitse Hoërskool en aanvaar sy pos met ingang Mei 1975. Hy het aan die Rustenburgse Hoërskool gematrikuleer en het sedertdien alreeds die B.A.; B.Sc. en B.Ed.; grade behaal. Ons wil mnr. Teichler van harte gelukwens met sy aanstelling hier by Affies, ons weet hy sal vir die skool 'n aanwins wees. Ons sien daarna uit om met hom kennis te maak en wil die vertroue uitspreek dat hy en mev. Teichler vir baie gelukkige en vrugbare jare hier op Affies sal wees.

R. de Muelenaere.

## ONS EIE KAMPIOEN!




Jan loop voor tydens die Suid-Afrikaanse internasionale atletiekbyeenkoms op Pilditch. Foto — R. Visser.

(LEES BERIG OP BLADSY 12)

## Ons Hoofman sprak sy sprook

**Wanneer die klok vandag vir die laaste keer lui sal dit nie slegs die einde van die eerste termyn aankondig nie maar sal dit ook nog 'n mylpaal in Affies se roemryke geskiedenis wees.**

Almal het met gemengde gevoelens die termyn begin want dit was vir ons almal iets nuuts en onbekend. Ons kan nou na afloop van die eerste termyn 'n sug van verligting slaak want dit was regtig nie so erg nie.

Die Affies het tradisioneel by mekaar gestaan en mekaar op die hande gedra. Die resultate spreek vanself. Dit sou nie moontlik gewees het as almal nie hulle deel bygedra het nie.

Dit beteken nie dat ons nou kan terugsit en op ons louere rus nie. 'n Lang skof lê nog voor en as ons almal verder saam-saam trek en nou skouer aan die wiel sit gaan ons die wa van sukses tot nuwe hoogtes trek.

Hoe sê die spreekwoord?
"Goed begin is half gewin!!"
Vasbyt manne, ons vorder goed!
Jan Marais

## Lees Binne:


- Prefektekaperjolle—bl. 2
- Deurbraak vir oudleerlinge —bl.4.
- Briewekolom—bl. 6.
- Atletiek van weleer—bl. 8.
- Sportman van die termyn —bl. 10.
- Atletiekhoogtepunte—bl. 12.


# Dramatiese Triomf in Affieland!

Affies het weer eens skitterend bewys gelewer van hul speeltalent, deur vir die tweede agtereenvolgende jaar die beker vir Afrikaansmediumskole te verower in die dramafees wat aangebied is deur die "South African Council for English Education."

Die komedie, "No Tears for Henry", is opgevoer met Elmarie van Niekerk as 'n baie oortuigende ou dame, en Hendrine de Wit en Acelia Schoeman as twee susters wat aan die gehoor groot vermaak verskaf het. Retha-Louise Malherbe was beslis geslaagd as 'n dokter wat haar tyd ver vooruit was, en Odé Retief het met haar uitbeelding van 'n kleurlingbediende aan die stuk die Suid-Afrikaanse kleur gegee waarvan spesiaal melding gemaak is in die beoordeling.

Die beoordelaar, prof. Van der Gucht van Kaapstad, het met groot lof gepraat van die fyn spanwerk van die groep en die dékor het telkens by 'n opvoering spontane applous van die gehoor ontvang.

'n Besondere onderskeiding was dat die trofee vir die beste speelster van die dramafees, toegeken is aan Elmarie van Niekerk. Ons voel met reg trots daarop dat 'n Affie dié prys kon wegraap voor al die Engelssprekende leerlinge in ons stad! (Sien bladsy 3)



I think I saw something in the hall ... a sort of figure.

# OU TRADISIE HERLEEF

**Gedurende die afgelope termyn het daar weer soos in die verlede 'n aantal sprekers die Affies kom toespreek. Aangesien dit 'n gebruik is wat byna in onbruik geraak het, was ons almal des te meer in ons skik met hierdie sprekers.**

Dr. Andries Gouws, bekende sielkundige, het met ons kom gesels oor die verhouding tussen ouer en kind. Hy het gemaan dat in hierdie moderne samelewing van ons 'n al hoe groter kloof tussen ouer en kind ontstaan en dat albei partye deels daarvoor te blameer is. Hy het gesê dat die dekadensie van die Westerse wêreld tot 'n groot mate aan hierdie generasie gaping toegeskryf kan word. Dr. Gouws het daarin geslaag om die hele gehoor te boei en wat hy gesê het, het ons almal laat nadink. Ek is seker dat elkeen van ons op dr. Gouws se beroep om die generasie gaping te oorbrug sal reageer.

Heeltemal in 'n ander luim was die geselsies van prof. Fritz Eloff. Hierdie bekende persoonlikheid uit radioprogramme verstaan die kuns om sy vak op 'n interessante wyse aan 'n gehoor voor te dra. Prof. Eloff het ons ook getrakteer met 'n vertoning van treffende skyfies uit sy privaat versameling.

Die gebruik om sprekers op Woensdae te kry, is eie aan Affies en nog 'n bewys daarvan dat Affies 'n besondere skool is. Hierdie sprekers voed ons ook op in 'n breër verband en by hulle kan mens altyd iets nuuts leer.

Kom ons kyk onf ons nie volgende termyn elke Woensdag 'n spreker in die saal kan hê nie.

MARTHINUS VAN NIEKERK




HAARKLOWERY

**EKSKLUSIEF:**


## Prefekte Geniet Hul Gate Uit!

**Die tyd: 13h10 Vrydag 21 Februarie 1975.**
**Die Plek: Die Afrikaanse Hoërseunskool.**
**Feesgangers: Die prefekte, vergesel v.d. twee langste personeel-lede op die mark.**
**Vervoer: Pienaar en Grabe, 8-ton vragmotor van dr. Odendaal.**
**Bestemming: Bosveldplaas van Dr. Erasmus vyftig myl vanaf Thabazimbi.**

Na Mnr. Roesch se aankondiging om 13h10 het die prefekte se kamp amptelik begin. Na ons almal in mnr. Ferreira se klaskamer verklee het wag ons gespanne vir 'n sekere mnr. S. om op te daag. Ons almal was skaars op die vragmotor toe die kospakke oopgemaak is. Die fees het begin. By Sunnypark het Lourens, blitsige man wat hy is gou elf liters koeldrank gekoop wat binne tien minute verober is.



DIE PREFEKTE OP PAD.



*Die prefekte in die Bosveld*
*Foto — Hen S. Brönn*

Kort anderkant Brits het Affie-promosies onder leiding van Jan met sy program begin. 'n Seil is op die bak oopgesprei en twee toue is ses voet van mekaar regoor die vragmotorbak gespan. Die stoei toernooi "Goue Toue" het begin. Die eerste geveg tussen twee aspirant eerste span rugbyspelers Tiaan en Lourens het weens 'n gebrek aan fiksheid gou ten einde geloop. Verskeie ander gevegte is aangebied. Na ons by 'n kafee gestop het is die hoofgeveg aangebied naamlik in die ekstra-veerlig-kapokhaan-afdeling. Die deelnemers: Charl die gewigtige en Justiaan kragman van die duine. Hierdie geveg het weens gebrek aan massa onbeslis geëindig.

By die plaas aangekom het almal eers gou ontklee en in die sementdam by die huis afgekoel. Die aand na 'n smaaklike maal is daar tot laat gesing onder begeleiding van Christo se trekklavier. Saterdagoggend vroeg is Mnr. Ferreira op 'n jagtog uit en het 'n paar uur later terug gekom met 'n pragtige groot rooibokram. Na 'n uiters gevaarlike jaagtog met Lourens aan die stuur het ons op 'n oop stuk grond gaan sokker speel. Lourens is met die nodige eerbetoon ('n borsel) van sy amp as bestuurder van Pienaar en Grabe onthef.




"GOUE TOUE"

Saterdag middag op pad na 'n groot modderdam val die 8 ton vragmotor met dubbel wiele en al tot by sy as vas in modder. Na al die modder uitgegrawe is en houtstompe onder die wiele geplaas is stoot die prefekte die swaar vragmotor uit. Op pad terug het die vragmotor nog twee keer vasgeval. Mnr. Ferreira en van Schalkwyk was egter verniet so bekommerd die prefekte het hom albei kere met die nodige kragvertoon uitgestoot. Die aand het almal weens die uitputtende dag heelwat vroeër gaan slaap.

Net na middagete Sondag is Mnr. van Schalkwyk amptelik gedoop. Met die vlerke van 'n aasvoël wat Rassie die vorige dag geskiet het om sy skouers, is 'n blik stroop op sy kop omgekeer. Sy bynaam "vink" het hy gekry weens sy uitsonderlike gewoonte om tydig en ontydig die dakke van huise te bestyg. Selfs Rassie se waarskuwing dat swart mambas op die dak boer kon hom nie van hierdie gewoonte laat afsien nie.

Na die doop plegtigheid het ons vertrek en om 18h00 by die skool gearriveer. Baie dankie aan die volgende persone en instansies wat hierdie onvergeetlike naweek vir die prefekte moontlik gemaak het: Rapportryers wat R80 geskenk het, dr. Erasmus wat sy plaas tot ons beskikking gestel het, dr. Odendaal wat aan ons sy vragmotor geleen het, Mnr. J.H. Meyer wat 'n skaap geskenk het.

Laastens en die belangrikste, baie dankie aan Mnr. Ferreira en Van Schalkwyk wat ons vergesel het.



DIE DOOPSEREMONIE.

# VRAE EN FEITE

## Cupido Speurdiens Berig

**Stroom-op het na aanleiding van verskeie klagtes, opmerkings, aanmerking, kommentaar en voorstelle ondersoek ingestel na aktuele sake wat gedurig onder bespreking is en die skool ten nouste raak. Onderhoude is met leidende figure, magsbekleërs, sportpersoonlikhede, sakemanne, politici en persone van alle vlakke van die samelewing gevoer. 'n Aantal vrae is aan hulle gestel, hulle antwoorde word ongesensord gepubliseer.**

**VRAAG 1:** Sal integrasie met die meisieskool 'n stap ten goede wees?

Persoonlikheid A: Vir ons ja, maar nie vir hulle nie.
Persoonlikheid B: Ja, veral as gemengde sport dan ook toegelaat word.
Persoonlikheid C: Beslis, maar dan moet daar geen kleinapartheid wees nie.
Persoonlikheid D: Finansieël, nee; fisies, ja; akademies, nee; fisiologies, ja.

VRAAG 2: Sal dit ons baat om ons eie drukkery hier te begin?

Persoonlikheid A: Slegs na integrasie met die meisieskool.
Persoonlikheid B: Ja, dan kan ons ander skole se drukwerk ook vir hulle doen.
Persoonlikheid C: In die lig van verhoogde drukkoste, sal dit die seuns finansieël swaar tref.
Persoonlikheid D: Ja, maar dan wil ek nagskofte werk.

VRAAG 3: Wat dink jy van die ossewa wat die skool gekry het?

Persoonlikheid A: Is baie ekonomies op brandstof, ventilasie is van hoë gehalte.
Persoonlikheid B: Is 'n baie beter vervoermiddel as die busse wat die skool wou aankoop.
Persoonlikheid C: Meer toere na die Kaap en elders sal nou onderneem kan word.
Persoonlikheid D: Die veerstelsel is besonder goed, die ossewa is vas op die pad en die sitplekke is baie gerieflik.

VRAAG 4: Hoe vergelyk ons busdiens met dié van ander skole?

PersoonlikheidA: Baie goed, ons busse besit merkwaardige eienskappe. Sover my kennis strek, is dit die enigste busse wat teen 0,01 m.p.u. teen opdraendes kan uitkom.
Persoonlikheid B: Puik, hulle dra by tot ons roemryke tradisie deurdat hulle 'n nuwe tradisie daar gestel het nl. om altyd laat op te daag of om soms, vir afwisseling, te verdwaal.
Persoonlikheid C: Hulle sal moet ligloop vir ons nuwe vervoermiddel nl. ons uiters moderne, vinnige en kragtige 19de eeuse transportwa.
Persoonlikheid D: Ons kry gans en al te min kontak met ons busdiens.

VRAAG 5: Wat dink jy van ons dieretuin?

Persoonlikheid A: Die nuutste byvoeging is beslis 'n bate vir ons skool, in besonder vir ons vervoerwese.
Persoonlikheid B: Hoekom het daar twee ontsnap? Is kaptein Kaprivi slegs in staat om terroriste op te pas?
Persoonlikheid C: Meer Ogies-(draad) in die dieretuin sal dinge baie veiliger en aangenamer vir die besoekers maak.
Persoonlikheid D: Ek hoop dat die vinkie wat ons gekry het, gou uitgegroei sal wees. 'n Plan moet beslis gemaak word om vir hom 'n wyfie in die hande te kry, hy lyk vir my gans en al te eensaam.

* * *

**Cupido Speurdiens:** (In opdrag van Stroom-op redaksie).

## 'n toneel uit: "No Tears for Henry"



It's the plumber ma'am! Odé Retief aan Elmarie van Niekerk. Retha-Louise Malherbe luister toe.

Belfast

U VRIENDELIKE WINKEL VIR DIENS EN WAARDE!

## Ons eie mannekyne

Die mannekyne by 'n modeparade in ons skoolsaal het die toeskouers onlangs twee keer laat kyk. Die uitrustings is deur ons eie Affies vertoon met die sjarme en elegansie van deurwiterde mannekyne.

Mev. Germaine Patterson, die klein Switsertse vroutjie wat die afrigting van die mannekyne behartig het, sê: "Skooldogters moet voorberei word vir die grootmenslewe, daarom moet hulle ook weet hoe om in elke situasie met gemak op te tree."

Die modeparade was 'n goeie advertensie vir die kursus. Die meisies, wat uitrustings van hul eie keuse vertoon het, was goed versorg, netjies en slank en almal het gemaklike, los tienerkapsels gehad. Grimering was tot die minimum beperk. Geblomde en geruite tabberds van wasbare kleedstof, met wye rompe was die gunsteling vir dagdrag.



KARIN RETIEF het 'n tabberd met strepe gekies.



Die Engelse Debatsbestuur en die spreeksters wat tydens die SPEAKERS' EVENING opgetree het.

Die 10C's met hul trefferliedjie Ariel se lied uit THE TEMPEST van Shakespeare.

**DAYS OF THE WEEK**

Monday is like Sonday,
A still and quiet day.
But Tuesday is as you all know
A busy day although
We have 3 periods of glory
With mrs Dory
Wednesday is all right
But Thursdays gives me a fright
Cooking, P.T. and what do you know, so
Friday, at the end of the week
When for rest we seek
I must say,
Goodbye, till the next day.

MARYKE BOEGMAN — ST. 6E

**SKINDERNUUS!**

Skindernuus in die koshuis is sommer volop hierdie kwartaal! Met die liefdesverhouding van die koshuiskinders gaan dit rooskleurig! Sal ons dit toeskryf aan die baie atletiekhelde wat so skielik te voorskyn getree het, of is dit maar ons ou staatmaker Cupido wat die nuwe Charlie appeltjie ontdek het?

Wat die matrieks aanbetref lyk dinge taamlik wisselvallig. Behalwe vir Zowie en Cheese, Sandra en Chris, Leatititia en Gert, Elsie en Andreas, Gerda en Woch, Christine en Gravitt gaan die verhoudings maar taamlik aan en af. Martie hoe gaan dit met Jan?

Die standerd neges is voorwaar 'n sjarmante klomp. Behalwe nou vir Riana en Hennie, Rika en André en Alma en Corné (baie geluk met die maand en paar weke) wat al lank uithou, het 'n hele spul onverwagte paarjies opgeduik. Haal diep asem — hier gaan ons:

René en André, Juan en John, Anna (Van den Berg) en Marius (Louw), Sandra en Marius (Verdoorn), Erna en Essie, Estelle en Ivan, Berna en Johan en nog so 'n paar ander wat nie kan besluit nie. Dan is daar natuurlik die wat belange van buite het! (Diana!)

Die standerd agts kom vinnig op die standerd neges se spoort. Martie en Harry, hoe lank is dit nou al? Wat met Tilda en Mielie aangaan weet ek nie mooi nie. Die Ronélle en Johan wat ook nie kan besluit wat hulle wil hê nie! Die volgende groepie gaan heel bestendig aan:

Hermien en Sas, Mermien en Pike, Ingrid en A.C., Maria en Pieter, Brigitte en Koekies, Susan en Frederik en Nadya en Bennie.

Wat die standerd sewes en sesse aanbetref weet ek nie so mooi nie. Opperste flerries, hulle! Carla hoe gaan dit met Abel? Candy en Klasie lyk tog te oulik saam. Lyk vir my die ander wy hulle aan die akademie toe. Toemaar, hulle sal vinnig leer.

Ja, in die koshuis is die lewe 'n lied. Solank jy net die regte wysie het. Mooi so, hou so aan met die goeie werk.

"Kekkelbek"

ELMARIE VAN ZYL ST9E



Uit die st. 10'e se Taalfees: DIE BOERENOI

**AANDAG AFFIES:**

**Goeie nuus!**

**• Hier volg die akademiese dieet soos voorgeskryf deur die gesondheidsdepartement van A.H.M. Volg dit stiptelik en u word onfeilbare resultate gewaarborg.**

**ONTBYT:**

Neem 'n koppie opgewarmde Geskiedenis en 'n snytjie geroosterde Aardrykskunde.
(Aanbevole konfyt: Latyn)

**MIDDAGETE:**

Gestoomde Engelse Letterkunde (voorgeskrewe) met opgekookte Afrikaanse Taalkunde daarby.

**NAGEREG:**

'n Skeppie Algebra — L.W. nie te veel nie — dis vetmakend! Skeinatsous daarby en 'n **bietjie** Franse Mondeling en Duitse Woordeskat.

**NAGEREG:** 'n LO.O-happie van 50 "push-ups" (uitstekende resultate)

volg die dieet vir 10 weke en puik resultate word gewaarborg.
Alle sukses!

GESONDHEIDSDEPARTEMENT.

*Lynnwood droogskoonmakers*

*en*

*Skoenreparasies*

★ ★ ★

In Rodericksweg ('n Uitdraaipad vanaf Lynnwoodweg).

Wanneer U ons besoek bring hierdie advertensie saam en U kry 20% afslag. Droogskoon skoolklere binne twee uur. Kom besoek ons gerus!

*Kom besoek CHECKERS by Sanlamwinkelsentrum in Lynnwoodweg vir die laagste pryse.*

**Ondersteun CHECKERS!**

## Debat van 'n ander kleur

**Die eerste Engelse debat van die jaar was iets heel besonders. Dit was 'n heel buitengewone debat. Nie net omdat Girls High deelgeneem het nie, maar ook aangesien daar oor iets heeltemal anders as die gewone gedebateer is.**

Eers is 'n kort film van ±15 minute vertoon: 'n Pragtige semi-barbaarse prinses raak verlief op 'n jong man van die laer stand. Haar vader, die koning, vind dit uit en die jong man word gevang en ter dood veroordeel. Die koning het egter 'n buitengewone manier van teregstelling ingestel. In 'n groot arena was daar twee identiese deure. Agter die een was 'n pragtige meisie en agter die ander 'n tier. Die veroordeelde moes een van hierdie deure kies. Indien hy die deur kies waaragter die meisie is, kon hy met haar trou, indien hy die ander sou kies, sal hy deur die tier verslind word. Die prinses het uitgevind agter watter deur die meisie en agter watter deur die tier sou wees op die betrokke dag dat haar minnaar tereg gestel sou word. Op die betrokke dag toon die prinses aan hom watter deur hy moet oopmaak. Aangesien die skrywer van hierdie verhaal self nie kon besluit watter een van die twee agter die deur was wat die man gekies het nie, het hy die verhaal onvoltooid gelaat.

Twee groepe moes nou oor hierdie strydvraag debateer. Was die meisie of was die tier agter die deur!?

Die "Tiger"-groep, bestaande uit Anne, Teddy, Robbie Rocco en Michael het gesê dat die prinses se barbaarsheid en trots oorheers het. Die "Lady" groep bestaande uit Adel, Mitzie Wynand, Charles en Dawid voer aan dat liefde sterker as haat is, dat die prinses uitgevind het agter watter deur die meisie was om haar minnaar te red.

'n Lewendige vloerbespreking het gevolg. Die gehoor het hierna met 180 stemme teen 140 besluit dat die tier agter die deur was. Na hierdie interessante debat wat almal geniet het, het die Afrikaanse Hoër Meisieskool 'n Engelse eenbedryf "No tears for Henry" opgevoer. Baie geluk en baie dankie aan die Engelse debatsbestuur vir 'n interessante en genotvolle aand.

C. HEYNS

## Affies se eie "Tempests

Mnr Uys: Your tale, sir, would cure deafness.
Mev Engelbrecht: O, a cherubin. Hast thou not dropped from heaven?
Mnr van der Westhuizen: An undergoing stomach, to bear up.
Kantoor: Hell is empty and all the devils are here.
Leerlinge: Not a hair perished.
St. Tiens: I prithee. Remember I have done thee worthy service, Told thee no lies made thee no mistakings, served with-out a grudge or grumblings: thou dist promise to free us in a full year.
Mnr Bosman: Awake, dear heart, awake! Thou hast slept well: awake.
St. Sesse: Thou poisonous slave, come forth.
Mnr. Roesch: Alack for mercy.
Mnr Bosua: What impossible matter will he make easy next?
Mnr Butler: What a blow was there given.
Mnr van der Westhuizen: Prithee, so not turn me about, my stomach is not constant.
Mnr van der Merwe: This was well done, my bird.
Mnr. Weideman: Look what a wardrobe here is for thee.
Mnr du Preez: Irreparable is the loss

Personeel: O, wonder! How many goodly creatures are there here!
Mnr van Wyk: A very special ancient and cigarette-like smell.
Mnr. Marais: Very like, one of them is a plain horse, and, no doubt marketable.
Mnr. Ferreira: I have no ambition to see a goodlier man.
Matrieks: Be free and fare thou well!

Willem Wikkelspies

### Junior-klas presteer

**Die stryd om die geestrofee het vanjaar weer in alle erns begin. Daar was deurgaans sterk kompetisie tussen die klasse vir hierdie gesogte trofee.**

Feitlik elke faset van die skoollewe is in ag geneem vir die berekening van die statistieke. Deelname aan die standaardbyeenkoms en bywoning van die atletiekbyeenkomste en debatte het 'n groot rol gespeel. Selfs skoolbesoek is in ag geneem en op die ou end het standerd 7D as wenners uit die stryd getree. Deur statistieke is bewys dat hulle gees gedurende dié termyn die heel beste in die skool was. Hulle kan dan ook met reg die top-klas van die skool genoem word. Baie geluk aan 7D met hulle oorwinning. Wees gewaarsku, volgende termyn sal die kompetisie nog sterker as ooit tevore wees.

O. Van der Schijff

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

## Orkes lei nuwe era in

**Dit het elke keer geklink na 'n oorlogskreet wat vanuit Affies se saal weerklink, maar die "Galle" aan die ander kant van die treinspoor het geweet dis die Affies wat 'n "aan-die-brand-vergadering" hou.**

'n Nuwe dimensie in die skoolgees is hierdie jaar ingelei danksy die hulp van die matriekorkes, bestaande uit Ernie Edwards, Charl Weideman en Johan Pretorius. Vir die eerste keer in die geskiedenis is 'n groot sukses gemaak van die tradisionele "aan-die-brand-vergaderings". In die verlede het dit maar sukkel-sukkel gegaan om al die Affies te inspireer om lekker saam te sing en gees te vang. Die orkes het reuse werk verrig om die gees van die Affies op, en langs die veld op te bou tot waar dit nou is. Aangesien die "aan-die-brand-vergaderings" op hierdie besondere wyse aangebied is, het 'n mens altyd uitgesien na die volgende een. Anders as in die verlede het die tugkomitee 'n positiewe bydrae gelewer. Deurdat hulle nie tussen die leerlinge deurgestap het, om te kyk of hulle sing nie, was die gees baie meer spontaan. Ek is oortuig daarvan dat selfs die standerd sesse dit geniet het om gees te vang.

Die positiewe invloed wat die orkes uitgeoefen het, het duidelik op Helpmekaar geblyk.

Die Affies het so lekker gees gevang dat die toeskouers skoon vergeet het van die Helpies wat daar op die punt van die pawiljoen gesit het. Vir die eerste keer in baie jare is geen persoon dan ook aan tugmaatreëls onderwerp nie.

Die dirigente onder leiding van Lourens Jooste het tot dusver ook 'n leeue aandeel in die goeie gees van die skool gehad. Hulle is voorwaar die beste wat Affies die afgelope paar jaar gehad het en verrig hul moeilike taak op werklik skitterende wyse.

Om 'n goeie orkes vir die volgende jaar te kry sal ook geen probleem wees nie. Die standerd nege orkes, bestaande uit Marius Combrink, Gert Burger en Edwin Knobel is reg om in 1976 die leiding op hulle te neem. Hulle het alreeds tydens die Afrikaanse debat opgetree en hulle baie goed van hul taak gekwyt.

Die gebruik van skoolorkeste is 'n nuwe terrein wat Affies betree het, 'n baie goeie begin is gemaak en ek wil graag die hoop uitspreek dat ook hierdie nuwe gebruik in sy doel sal slaag en oor die jare tradisie sal word.

Corné Mulder.


### REDAKSIE


**HOOF-REDAKTEUR**
Stephen de la Harpe

**SUB-REDAKTEURS**
S. Bekker (Sport)
R. de Meulenaere (Sosiaal)
L. Jooste (Administratiewe)
G. Joubert (Fotografie)

**VERSLAGGEWERS**
J. de la Harpe
R. Gioia
C. Heyns
P. Louw
C. Mulder
T. Odendaal
D. Putter
O. van der Schijff
P. van Heerden
M. van Niekerk
K. Visser

**FOTOGRAFIE**
H. Brönn
S. Brönn
J. Marais

**ADMINISTRASIE**
W. Bezuidenhout
C. Cloete
A. de Beer
P. Fourie.

**'n Myl 'n dag gee liggaams — prag**

## Deurbraak vir oud-Affies

**Op Dinsdag 1 April is daar weer eens geskiedenis gemaak. Die eerste amptelike Oud-Affie rugbyspan het teen die sterk span van P.H.S.O.B. te staan gekom. In 'n voor wedstryd het ons puik eerste span teen Outjo van Suidwes te staan gekom. Skitterende spel is gelewer en ons het hierdie aanskoulike wedstryd met 29 punte teen-oor 8 gewen.**

Dit was slegs die begin. Hierna het die drompoppies van Normaal Kollege onder begeleiding van ons kadetorkes 'n pragtige vertoning gelewer wat deur almal geniet is. Baie dankie aan hierdie pragtige jong dames. Na hierdie aanskoulike vertoning het die hoofwedstryd van die aand plaasgevind. In die Oud-Affie span het bekende spelers soos Butch van Wyk, Robbie Bekker, L.M. Rossouw, Banie van Heerden en Jacques Malan o.a. gespeel. Dit was 'n baie spannende wedstryd wat uiteindelik deur die Oud-Affies met 16 punte teenoor 4 gewen is.

Hierdie was slegs die voorloper van groot dinge wat deur die Oud-Affiebond beoog word. Op 6 Junie vind 'n amptelike dans by Oostelikes se klubgebou plaas. Die minister van Landbou, sy edele minister Schoeman, 'n Oud-Affie sal by hierdie geleentheid optree. Baie dankie aan die komitee vir die reuse werk wat hulle tot dusver verrig het. Ons wens hulle alle sterkte toe vir die groot en moeilike taak wat op hulle wag.


★ ★

BOME

STRUIKE

EN RANKPLANTE

★

Vir 10 jaar het die skrywer met liefde gewerk aan die pragboek.

Dis 'n wetenskaplike werk, maar maklik verstaanbaar vir elke tuinliefhebber. Prys R24.

★

van schaik se boekhandel

SUNNYSIDE HATFIELD LYNNWOODWEG



Volkskas benodig elke jaar 'n aantal beginners wat van bankwese 'n loopbaan wil maak en aangesien die bank se sake gedurig groei is daar voldoende bevorderingsmoontlikhede.

★

Daar is ook geleenthede vir mans wat reeds in soortgelyke hoedanighede 'n paar jaar ondervinding opgedoen het.

★

Salarisse is kompeterend en die gebruiklike byvoordele gepaard met 'n wydverspreide takstelsel wat beginners in staat stel om dikwels by die plek van hul keuse te begin, maak dit 'n aantreklike loopbaan.

★

Doen aansoek by die naaste kantoor of regstreeks by die Personeelbestuurder, Posbus 578, Pretoria.

★

VOLKSKAS
BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)

★ ★ ★

# Puellarum Artes



### THIRTEEN

**Thirteen means;**

crying when it rains
Loving a boy that you have never seen.

**Thirteen means:**

going on diets
not knowing where you belong.

thirteen is a bitter-sweet period, but to miss thirteen is to make your life poorer.

JENNIE JOHNSON ST. 6A

1. Ore is traanbakkie
vir wanneer jy op
jou rug lê
en huil.

2. Musiek is 'n droom
om jouself in te
verloor en
te vind.

3. Woorde is 'n skans
om jou self agter
weg te steek.

4. 'n Moeder is 'n wolk
om in weg te raak
as sy jou vashou.

5. 'n Teddie is 'n anker
om aan vas te hou
in 'n donker nag.

6. 'n Kussing is 'n kneldemper
om snikke te smoor
agter 'n toe deur.

7. 'n Glimlag is 'n sonstraal
wat warm deur
jou oë breek.

8. Hartseer is 'n wolk
wat die oë toetrek
tot die storm in die
hart verby is.

9. 'n Blom is 'n wonderwerk
om te bewonder
en te liefkoos.

MARIANA DE KLERK ST. 10D

### DREAMS

I know he'll smile at me
But not today,
I know he'll take my hand
But not just yet
He'll speak softly and gently
Maybe tomorrow
I know he'll love me
....Some day.

A STD. 7

### MUSIC

Music is part of my world
a world of love and life.
Music is something of my world
a world without a gun and knife
a world of lovely freedom
a world of exotic wisdom.
I like my world of music
the world of love and life.

CECILE DE JAGER ST. 6A

### BLACK BOY

I saw him in the market
his eyes so elert -
I saw him among the vegetables
and incense and dirt ...

RIANA PAULSEN 10D

### HERFS

Woorde is nie stom nie-
maar woorde is te min.
Geel blare in die nat
en die wind waai, waai ....
Morê sal ek lag-
vandag huil ek oor die pyn
wat my hart
oopsprei soos 'n roos.
Gister het ek nie geweet
dat lewe meer is
as leef alleen.

LIANDA BEYERS ST.9

### TWO AGAINST ONE

Two pair denim jeans
Two cheesecloth shirts
Two pair Moses's sandals
Two hands holding each other
Two pair shining eyes
Two mouth forming the same words
Two people
Two happy sould
Two hearts
Share love ....
One room
One bed
One girl
Dreams.

L.v.STADEN 10E

### YOU

Your voice is warm
Your words are friendly
I go to you
And look into your eyes
Deep inside I see your heart...
It is an ice-floe.

L.V.STADEN 10E

### GO

Go ahead!
Enjoy your life....I'll enjoy mine.
You'll never know
That I want you
To share your life
With me

L. VON STADEN ST. 10E

### DUSK

I sat and watched the sunset die
Behind the golden clouds, and listened to the rushing sea.
It swirled my thoughts around amid the foaming torrent and beyond the scarlet sky lay the dreams of one alone as the twilight grew high.

MONIQUE DE LANGE 9D

When I think of you
I think of life!

MARGIE RYAN 10F

### DEPESSION

bitter black coffe I sip through
my shivering teeth burn in my hands
endless black fluid in a bottom-less black mug
steam in my eyes
reflection on myself its nard
and its bitter
my mind is fevered yet cold
the burn in my heart leads to
endless pain
there seems to be no end
no way out
no light
like the hollow in a cavern
or the interminable circles of
smoke the moist in my eyes:
if only I could cry
but I share my problem
with the reflection in
my cup

HELOISE HENNING 10A

### MADNESS IS...

Madness is....
To dance among the stars
To catch rainbows in jars
...but it is a fine madness
Madness is ...
To follow the butterfly
Or the dove soaring through the sky
...but it is a fine madness.
Madness is...
To listen to the heart's voice
to shed tears - not because - just by choice
....but is is a fine madness
Madness is...
To let throughts fly far and free
Thinking new thoughts of you and me
...but it is a fine madness

CORINNE OOSTHUIZEN

Onthou jy dat ons maats was?
Onder by die rivier, tussen spoelklippies en krappe.
Ons het heeldag gekraai oor als en almal.
Die lewe het net aan ons behoort,
Aan my en my witkop maatjie.
Tot eendag ...
en nou?
Nou sit ek met 'n verweerde rivierklippie in my hand.
'n Ou verplooide krap beweeg voor my rond.
Die gekrys van 'n eensame voël is hoorbaar.
Alles, net nie jou kraailaggie nie, is nog hier.
En ek?
Ek is sonder jou.
...Ek is alleen.

S. BOTHA

### A DREAM

My thoughts mingled with the stars from heaven as I walked on the starlit path. It led me into a forest where the stars disapeared in the mist All that was left was the darkness around me I could feel my mind sink right through my body
I became one with the darkness and complete silence Suddenly - the silence was broken by a sharp piercing light which blinded me for that moment
The magic was broken.

RETHA-LOUISE MALHERBE 10F

### MY LIFE ...

My life consists of only you today -
of your green brown eyes
and mouth
and prominent chin
... today

Tomorrow I'll reach out for you
and you'll be gone -
My life becoming once again
Books and busses and
Blue Mondays.

RIANA PAULSEN 10D

Tell me about
the sea that rages
within you -
that ever-foarming,
rabid sea
which you return
to every day
-to drown yourself in.

RIANA PAULSEN 10D

Last night I had a dream
I dreamed of you daddy
And you made me cry
I cried and cried and woke up
crying
Here where I'm sitting I want to cry

But I can't
I bite on my lip
And blink my eyes
My heart is burning
I want to burst
Like a soap bubble
coming from the bath

But I can't .....
I'm sitting in class.

MARGIE RYAN 10F

Now I'm naked
cold
and lonely.
Why did you take my small world
with you?

Lv. STADEN 10E


**PEN EN PENCIL**

* * *

*SKRYFBEHOEFTES*

*EN*

*GESKENKE*

* * *

**SANLAM WINKELSENTRUM
LYNNWOOD MANOR**

* * *

**TEL. 47-2936 PRETORIA TEL. 47-2936**

MY MA KOOP ONS GORDYNE BY

**OLINCO**

WANT HULLE BIED:

- Gratis kwotasies
- Gordyne gratis gemeet
gemaak
gepas en
gehang.

WAARVOOR DUURDER BETAAL?

- Kantgordyne teen billikste pryse;
- Vervaardig van slegs die beste ingevoerde en
- Plaaslike materiale
- Kleurvas, drupdroog, geen gestryk —
- In alle kleure en ontwerpe.

Kom kies uit 'n groot verskeidenheid, puik gehalte gordyne



Verkrygbaar te:

**Andriesstraat 315, STAD.**

**Esselenstraat 340, (h/v Bourkestr.) SUNNYSIDE.**

**Michael Brinkstr. (h/v. Voortrekkerstr.) GEZINA**

# FORUM '75


**● Op 12 Februarie 1975 het die eerste uitgawe van ons nuwe tweeweeklikse blad "Strop" die lig gesien. Hierdie nuwe bladjie het baie kritiek uitgelok, positief sowel as negatief.**

**'n Vraag wat diksels gestel is, was of daar genoeg stof sal wees om Strop elke twee weke uit te gee. Tot dusver was daar beslis geen probleme in hierdie verband nie en Strop het nog elke keer meer as vyf bladsye beslaan. Dit kan miskien daaraan toegeskryf word dat die eerste termyn altyd die besigste is, maar ek voorsien geen probleme vir die toekoms nie. Nie op 'n groot skool soos Affies nie.**

**Dit was opmerklik dat die meeste negatiewe kritiek van die juniors afkomstig was. Hoekom is dit? Strop word tog heeltemal gratis aan almal verskaf, al die werk daaraan verbonde word deur seniors gedoen, dit is tog slegs 'n diens wat aan die skool gelewer word. Ek is oortuig daarvan dat Strop slegs tot uitbouing van die Afrikaanse Hoër Seunskool met sy roemryke geskiedenis en besondere tradisie kan wees. Graag wil ek alle persone uitnooi om 'n verslag vir Strop te skryf. Dit gebeur dikwels dat besondere prestasies nooit genoem word nie. Die doel van Strop is dan ook om onbekende prestasies en gebeure wat tog 'n integrale deel van die skool vorm onder die leerlinge se aandag te bring.**

**Langs hierdie weg wil ek aan mev. Marais wat Strop vir ons tik baie dankie sê vir haar onbaatsugtige diens aan die skool. 'n Besondere woord van dank ook aan mej. S. Bezuidenhout wat die tikwerk verbonde aan Stroom-op vir ons gedoen het. Nogmaals baie dankie aan altwee hierdie dames.**

**STEPHEN DE LA HARPE**
**REDAKTEUR**




# BRIEWE

## *Kom By Matrieks!*

Geagte Redakteur,

Affies beleef weer eens 'n standaard Affiejaar maar tog is daar sekere dinge wat nog nie glad verloop nie. Ek verwys hier na die voorbeeld wat die matrieks aan die res van die skool stel op sekere gebiede.

Die Matrieks van 1975 kan gerus let op die voorbeeld wat hulle stel wanneer die kreet geskree word, veral pouses. Waar was die matrieks toe die res van die skool die kreet geskree het, na die wedstryd teen Outjo natuurlik nie op die veld nie maar op die pawiljoen.

Ons eerste Engelse debat van die jaar was 'n groot sukses maar was die geskree, gelaggery en gefluitery van die matrieks nie 'n bietjie ongevraagd nie? Hoekom benader die matrieks hierdie dinge nie 'n bietjie meer positief nie, om sodoende vir ons 'n beter voorbeeld te stel.

Ons weet dat hulle die "ou manne" is en daarom respekteer ons hulle maar om 'n "ou man" van Affies te wees beteken eerder om alles in die stryd te werp as om agteroor te sit en alles vanuit 'n negatiewe oogpunt te beskou.

Ons wens die matrieks alle sukses toe en hoop dat hulle van nou af ook 'n goeie voorbeeld vir ons sal stel op hierdie gebiede.

Seep.

## Stroom-op moet verbeter

Geagte Meneer die Redakteur,

As outoritiet op die gebied van die (swakhede van die) Pers, sal ek graag nou, aan die begin van die nuwe jaar my mening oor STROOM-OP wil lug. Gesien in die lig van die STROPPE wat nou gereeld verskyn, sowel as die swakhede van die verlede, sal STROOM-OP noodwendig 'n drastiese verandering moet ondergaan.

Die gewone nuus, soos ons dit in vorige jare se STROOM-OP'pe aangetref het, sal nou immers geen nut hê nie. Niemand stel in elkgeval in ou nuus belang nie. Die enigste manier om STROOM-OP se bestaan te verseker, is dus om van nuusblad na vermaaklikheidskoerant oor te skakel.

Hieronder verstaan ek: 'n Blad wat se primêre funksie sal wees om die Affiegees en -tradisie uit te bou.

Deur byvoorbeeld dieper te delf in die verlede ('n foto van die eerste rugbyspan van dertig jaar gelede te vergelyk met die van nou, in elke uitgawe 'n artikel oor 'n ander Oud-Affie te plaas) of te spekuleer oor die toekoms (hoe verskillende onderwysers die skool byvoorbeeld oor twintig jaar sal wil sien) sal mens dalk klaar tot 'n mate in die doel kan laat slaag.

Vir my persoonlik, is dit 'n groot tragedie dat so min Affies werklik 'n aktiewe deelname in STROOM-OP het. Deur 'n uitgebreide geklassifiseerde-advertensie afdeling in STROOM-OP te hê, kan hierdie probleem beslis oorkom word. (Die voorstel is egter die afgelope twee jaar om vae redes van die hand gewys.) Hoekom kan die briewekolom nie ten minste drie keer vergroot word nie? Dit is immers die pols van enige skoolkoerant.

Stroom-Op se treffende spotprente is beslis sy merkwaardigste eienskap. Kan ons dit nie dalk meer benut nie? Deur van ons Affies se grappe en sêgoed te plaas ('n vervolgverhaal van "Affie in verdrukking", of iets dergeliks) sal ons beslis ver laat vorder op my droom van 'n "nuwe" STROOM-OP.

Meneer, ek beskou STROOM-OP as die skool se grootste bate - 'n krag wat gebruik kan word om ons aan te voer tot groot hoogtes. Ek hoop dat hy ook hierdie jaar, deur middel van elke Affie se bydrae, ver sal vorder op die pad.

Wynand Bezuidenhout, 9A.

## UNIEK!

Geagte Redaksie,

In die aantal jare wat Stroom-op al bestaan, meen ek, dat dit die eerste maal is dat so 'n opname soos wat nou gaan volg, verskyn.

Na dae en maande se ondervraging is daar tot die volgende slotsom gekom:

Uit 'n 100 Affies wat ondervra is, hou 57% van Blou tandeborsels, 22% van Rooi, 5% van Groen, I% van Deurskynende-groen, 3% van Pers, 2% van Oranje, 4% van Geel, 3% van Wit, 2% hou nie van tandeborsels nie en die oorblywende 1% is kleurblind.

In 'n ander opname, oor wat persone (Affies) van Jukskei dink, is daar 'n paar noemenswaardige antwoorde:

a) Geen kennis (Algemeen)
b) Wat? Ekskuus? (baie algemeen)
c) Ja (minder algemeen)
d) En wat dink jy van die modderkwessie in Biafra? (Ongewoon)

Oor die "Hefboom-teorie" wou baie min Affies hulle uitlaat en was slegs 'n skud van die kop die enigste aanduiding van registrasie. Omdat ons self ook min kennis van dié onderwerp het, is dié opname uitgestel tot latere kennisgewing.

Op las
Die uwe
R. Franzen.

✶ ✶ ✶

## Affie-Hollywood

Geagte Redakteur,

Ek skryf net aan u om my dank te betuig vir die goeie samewerking wat ek van u skool ontvang het. Dit is nie elke dag dat 'n mens 'n skool met soveel idees en geleenthede raakloop nie. U mag nou wel nie mooi begryp waarop ek afstuur nie; maar as ek u vertel sal u verstom staan, oor u onoplettendheid.

Soos u weet is die filmbedryf 'n kompeterende besigheid. Daar moet gedurig nuwe rolprente gemaak word om ander rolprentmakers 'n bietjie kompetisie te gee. Om egter voltyds rolprente te maak moet daar 'n draaiboekskrywer wees wat voltyds besig is. Maar om voltyds besig te wees moet die draaiboekskrywer goed kan waarneem en dan moet hy sy verbeelding gebruik en 'n verhaal skryf. Hierin het u skool baie gehelp.

Ons draaiboekskrywer het fyn waargeneem en nadat 'n krisis in die kunsklas uitgebreek het en die kunstenaars toe vir geruime tyd van die onderwyseres se keteltjie, vir water afhanklik was, het hy begin skryf. Nie honderd jaar later nie is daar begin met die verfilming van "The Desert Song." Dit is 'n uiters tragiese verhaal, oor die lief en leed van 'n kunstenaar in die woestyn wat met poeierverf die hoogste sport in skilderkuns wou bereik.

So het die rolprent "Five Man Army" ook na vore getree nadat 'n paneel van vyf onderwysers in u skool aangestel is om die orde in sekere opsigte te handhaaf.

Die suksesvolste rolprent het egter in die laaste paar maande van I974 die lig gesien, nadat 'n paar 'geslaagde' wetenskap proewe deur 'n oud-onderwyser in die laboratorium uitgevoer is. Die rolprent se naam, terloops, is "Earthquake". Ek noem dan ook graag dat die klankbaan sommer ook daar in die laboratorium vervaardig is.

Daar is ook 'n rolprent "Footprints on the water" vervaardig toe u swembad se filtreerder op 'n dag buite werking was.

Twee onderwysers in u skool het ook in twee latere rolprente die hoofrolle vertolk. Een van hulle doseer Afrikaans en het in die rolprent "Liefste Meneertjie" skitterende spel gelewer. Dit is die verhaal van 'n melkboer en sy stryd om voortbestaan in die groot wêreld waarin hy leef.

Die ander rolprent handel oor 'n goedige ou meester wat geen kwaad in enige iemand gesien het nie, en staan bekend as "Never mind the quality, feel the width".

Dit is al rolprente wat voltooi is, maar as my oë so oor my lessenaar dwaal sien ek 'n paar belowende draaiboeke. Een wat spesifiek my oog vang, dra die opskrif, "The Frogs".

Ek wil u net nogmaals hartlik bedank en die hoop uitspreek dat ù hierdie paar rolprente terdeë sal geniet!

Die Uwe,
Regisseur,
AFFILMS,

✶ ✶ ✶

## Krampe en Krake

Die Redakteur,

"Nou-ja, deesdae is daar nog net twee soorte olifante oor: die Indiese-olifant en die ...... "

'n Skop iewers — miskien was dit jou rug; miskien jou pinkie.

Jy durf nie kreun nie; daar is nie plek nie.

'n Kramp ...... Dit was iewers in jou been. Jy krap, maar die ou regs van jou buurman gluur jou aan want dit was sy wang wat jy gekrap het.

Nog 'n kramp ...... Jy krap nie weer nie want miskien was dit jou buurman wat die kramp gekry het.

Dan begin party opstaan. Jou onderbewussyn vertel jou dat die skoollied nou gesing gaan word. Jy begin dadelik soek na jou linker-arm en kry hom na 'n rukkie. Jou ander arm is nog weg .... maar dan sien jy 'n bekende nael. Jy trek .... en .... ja, dis jou arm.

'n Rukkie later ontdek jy albei jou voete en kraak orent.

Dit was opening in die **Gert J. Potgieter-saal.**

Wat van stoele vir almal? Ons is bereid om twee-twee op 'n stoel te sit.

Die uwe,
"Nog-heel",

✶ ✶ ✶

## Waar is Tradisie?

Geagte Redakteur,

'n Saak waaroor ek baie sterk voel is die nuwe sweetpakke van die skool. Wat was verkeerd met die ou sweetpakke wat ons nog deur die jare gedra het en deel van ons tradisie geword het. Was dit nodig om die sweetpakke sommer te verander toe 'n klein probleempie hom voorgedoen het?

Voorheen was Affies se sweetpakke kenmerkend maar vandag kan enige Jan-Rap en sy maat 'n Affie-sweetpak by enige winkel koop. Verskeie klubs (o.a. een in Pretoria) het presies dieselfde sweetpak as Affies. Wat word van ons identiteit of het ons skaam geword om as Affies gesien te word? 'n Skool soos Florida het byna dieselfdé sweetpak as ons en die twee skole se atlete kan nie maklik uitgeken word nie. Mens was nooit seker of dit 'n Affie of 'n Florrie atleet was, wat op die veld gestap het nie.

Keer asseblief dadelik terug na die ou sweetpakke terwyl daar nog tyd is, al kos hulle ook 'n bietjie duurder.

Die uwe,
Tradisie-bewus.

**BARCLAY PLEIN APTEEK**

**Rissikstraat**
**Muckleneuk**
**Tel. No. 44-5980**

*Met komplimente*

✶ ✶ ✶

TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS
(EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?

KOM DAN NA GROENEVELD & HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:

- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGENEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE

### THE POLICE ON OUR FRONTIERS

Everyday we go to school. We write tests, we laugh, we cry, we play, we make jokes, we read, we listen to music and we worry about all our problems. Every evening we get into bed tired and are soon in dream-land. Life goes on ...

While we're busy with our everyday affairs, the police on our frontiers are in great danger. Everyday they have to endanger their lives to protect us. Any moment something can happen.

They do it for us, for their land; and we seldom even think of them; in what danger they are. We don't realize exactly how serious it really is. Some of them died and will die, so that we can live.

And while we are happy about the coming schoolholiday, wives, children and parents ask why it had to be their husband, father or son that had to die. And while we laugh and play, or struggle with our problems, wives wonder if their husbands still live, children are longing for their fathers to come home again, and parents are reading their son's letters for the second time.

Can't we sometimes just stop for a moment with our everyday affairs and think of them and their families?

MARTHIE VAN ZYL ST. 10A

# AAN HIERDIE VROUE BRING ONS HULDE

Baie probeer anders wees; min is. Professor Anna Neethling Pohl is 'n individu. Sy is anders, besonders — sonder om daarna te streef.





'n Kunstenaar word gebore; is 'n mens aan wie God die gawe van verder sien en inniger leef gegee het, 'n mens wat altyd — altyd begryp, soos ons geliefde Audrey Blignaut

Anna Neethling Pohl en Audrey Blignaut is woordkunstenaares. 'n Paar woorde en hul voer ons weg na dié ver land wat die domein van die digter is.

Ons voel verryk deur die besoek van hierdie twee besonderse vroue van ons skool.

LIANDA BEYERS 9E

Die Afrikaanse Hoër Meisieskool is trots op hul hoof.

Juffrou Holtzhausen is by al haar ander verpligtinge ook nog lid van Suid-Afrika se nuwe Publikasieraad, lid van die Raad van Moderatore waar sy die Latyn afdeling behartig en voorsitster van die Studie-Komitee vir Latyn.



Sy is ons Juffrou. Die Afrikaanse Hoër Meisieskool se hoof.

"Ek sien haar wen."

LIANDA BEYERS ST. 9E

### HOW TO RAISE BAD CITIZENS

An archdeacon in England gave his congregation the following rules to raise their children.

Start by giving him everything he asks, he will then grow up with the idea that the world owes him a living. In case he hears ugly words and uses it laugh about it. It will encourage him to use even more foul language to shock you. Do not give him any spiritual education. Leave him till he is 21 and let him decide for himself.

Ignore the word "wrong". It may give him a guilt complex. It will condition him, when perhaps later he is taken in custody because he stole a car, to believe that the community is against him and hound him. Pick up everything that is left lying about e.g. books, socks, clothes. Do everything for him so that he can learn to leave his responsibility to others. Often argue is the presence of the children, then they would not be shocked if the parents separate. Take his part against neighbours, teachers and the police. They are all against him.

Prepare yourself for a life of heartache because you will get it.

MADIE EKSTEEN 7A

A CHILD'S PRAYER

He sits on bended knees, with hands folded against each other, and tears run down his cheeks, to leave little tracks on his face

With his nose pressed against the window he asks God: "Please God, help me soon for I need you so In this dark, cold room where I hear the quarreling voices, of people that are dear to me."

He gets up with cold feet and looks about him in the room, for wishes come up in his mind but he may not think about it for wishes are not for him.

SUSAN MATTHEE.

God hoor ons gebede
en hy antwoord beslis
as ons net in Sy Heilige
Wil berus.

En ons sorge en kommer -
Die laste wat pla -
Word op kragtige vleuels
Van gebed weggedra.

MARIANA DE KLERK
ST. 10D.

SEA

Have you ever walked along the seaside with the moon casting his magic silver stripes across the frothy foam, the wind softly lifting your hair, your shadow always following silently behind ...
Dreaming about nothing while the soft rolling roar of the sea forms the background music.
Walking in the pools of salt water with bare feet, feeling mysterious underwater creatures darting playfully here and there,
playfully here and there,
the moonlight fully displaying their beauty...
Your dark trail of prints on the wet sand is quickly erased by the ever rolling sea.

MONIQUE DE LANGE 9D

*Skakel ons asseblief indien U eiendom wil koop of verkoop.*

**H/v Rodericks en the Hillside**
**Lynnwood.**
**Telefoon: 47-4480 – na ure 70-7747**

**LYNNWOOD EIENDOMME**

*Agente vir Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging.*

**Skoonheid - U tevredenheid.**
**Glenfair Droogskoonmakers.**
**Sanlamsentrum.**

**Coffee-Bean**

'n Koffie-huis onder Duitse bestuur maar Engels word ook gebruik as voertaal. Alle Duitse onderwyseresse en leerlinge word genooi om die Duits te kom beoefen.

Lynnwoodrif.

Besoek

**GINSBERG'S**

Die familiewinkel vir al u benodigdhede
**Bronkhorststraat 219,**
**NIEU-MUCKLENEUK** **TEL: 78-3211**

## Sielvolle toneetljies uit ons Standerd 6'e se konsert

REGS OOR: Estelle Kakot

★ ★

REGS: Liesbet Botha — 'n hartseer wysie

★ ★

ONDER: Annalise Vorster en Dalene Smit — "Sal ek vir jou sing?"







### TRADITION

Tradition
Yes that's all that it's about
Tradition
it can't be anything else
Tradition
That's all we hear the
whole day long
Again the same old song.

Tradition
I'm sure that's all you need
to worry about
Tradition
From the morning to the night
Tradition
What are the people going
to say
If we lost tradition?

SUSAN MATTHEE

the lift

bolted within the iron doors
of your imagination
you get lifted to the top floor
but fall back to hell

M. RYAN 10F

LISTEN

Because you are on the sun
I'm going to the moon
Like you
I'll stay there....
Alone

L.v.STADEN

★ ★ ★

**DIE KELDER**

(EDMS.) BPK

Amptelike verskaffers van Affies se voorgeskrewe drag!

20% korting op kontant

Affies verkies altyd hul oudste kleurverskaffers!

★ ★

**LoWo: Ons nuwe adres is:**

**Transvaalhuis,**
**h/v Vermeulen en v.d. Waltstraat,**
**Pretoria (regoor Munitoria),**
**Foon: 2-7070.**

## SPREUKBUIS

# ATLETIEK VAN WELEER

**Mnr. Andries Yus die bobaas storieverteller van Affies is al jare aan die skool verbonde. Net soos mnre. Bosua, Pretorius en Van der Westhuizen is hy al amper deel van Affies se geskiedenis en tradisie. Die redaksie het dit daarom goed gedink om hom te vra om vir Stroom-op 'n interessante gebeurtenis op skrif te stel. So gesels Affies se bobaas storieverteller.**

**SPREEKBUIS is 'n rubriek waarin skrywers slegs hulle eie menings en standpunte stel. Dit is nie noodwendig die standpunt wat die redaksie oor die betrokke saak huldig nie, en dien slegs as spreekbuis vir persone wat graag hulle mening oor enige saak wil gee.**

"Ek is gevra om een of ander interessante gebeurtenis in die geskiedenis van Affies te vertel. Voorwaar 'n moeilike opdrag. Wat moet 'n mens uit die verlede uitlig waarin daar belangstelling sal wees? Die atletiekseisoen is besig om weer eens bygevoeg te word tot 'n roemryke verlede, daarom my keuse van: "Voorbereiding van atlete van die skool vir hulle inter-huis sport".

Dit was gewigtige sake, en onderhewig aan die strengste geheimhouding. Die verskillende huise vergader in die geheim en geheimhouding van hulle program van aksie was voorwaar 'n vereiste. Die afrigters van 1944: Mnre. Bags Celliers, Stong Steenkamp, Pros-Prozesky en ons oudstryder, meneer Pretorius. Die organiseerder was mnr. Roets. Die vier huise: Kwaggas, Hartbeeste, Koedoes en Elande is besig om hulle voor te berei vir 'n kragmeting. Die een span mag nie weet wat die ander een se program en beplanning behels om hul atlete te oefen en fiks te maak nie. Name van atlete word glad nie genoem nie behalwe onder die verteenwoordigers van elke afsonderlike huis. Vragmotors vir die huise, deur ouers verskaf, kom in die middag by die skool aan om hulle atlete na een of ander afgesonderde terrein te neem vir hulle oefening, selfs tot agter (Noord van) die Magaliesberge. Spioenasie vind plass, maar wee die spioen wat betrap word! Hy sal nie weer soiets waag nie. Die spanning word voelbaar en die koors styg al hoe hoër, hoe nader die dag kom.

Speeltye word samesprekings gevoer, taktiek bespreek; veral hoe om 'n goeie uitblinker uit die vorige jaar se seisoen aan bande te lê. Fluisterveldtogte word begin om die opponent op sielkundige wyse te beïnvloed met die gedagte dat dit hom tog nie sal loon om deel te neem nie, want daardie nuwe "ou" van die ander huis was by sy vorige skool 'n wenner van die Victor Lodorm.

In hierdie spanning word die afrigters ook vasgevang, en wee die onnie wat in die personeelkamer 'n geheim van sy huis per ongeluk laat uitlek. Vrede moet dikwels deur Pa le Roux herstel word. Uiteindelik breek die dag aan! Almal sien daarna uit om op die "Caledoniese" terrein kragte te gaan meet. Die spanning is tasbaar want die een huis weet nie of die ander een 'n beter atleet as hy het nie. Die onbekende faktor word eers bepaal na die laaste aflos. Niemand loop voor die tyd nie want die belangstelling in die uitslag bly bestaan tot aan die einde.

Na die interhuis vind gesamentlike afrigting plaas en word daar gebou vir die kragmeting teen Helpies. Die A.H.M. en A.H.S. reis met EEN trein na Helpmekaar! WONDERLIK! Daar word dan gesing oor: Pa- le Roux en Mamma-Steyn!"

### GOEIE BEGIN

**Op Maandag 20 Januarie het die standerd sesse hulle tradisionele groentjiekonsert aangebied. Die matrieks het gesorg dat daar op die regte tye en op die regte manier geapploudiseer word. (Die eerste keer in baie jare).**

Die nabootsing van verlede jaar se massavertoning het spontane toejuiging uitgelok. Goeie ballet talent is ook ontdek. Die afrigter van die balletgroep kan gerus 'n balletklub open. Hoe lyk dit Wiele?

Die dissipline van die standerd sesse is merkwaardig te oordeel aan die wyse waarop hulle die matrieks se bevele aan die einde van die verrigtinge gehoorsaam het. Daar is slegs een ding wat almal dwars in die krop gesteek het. Dit was die sing van die skoollied. Baie min sesse het die lied geken en hulle het nie eers geweet uit hoeveel versies dit bestaan nie. Toe Lourens Jooste hulle vra om die derde versie te sing, het hulle lustig weggeval, maar gou was daar chaos. Ons wil die vertroue uitspreek dat hierdie saak reggestel is.

Die prefekte en mev. Pretorius verdien spesiale vermelding vir die skitterende wyse waarop hulle die konsert georganiseer en aangebied het. Baie geluk!

Corné Mulder.

* * *

## BRIEWE (VERVOLG)

### WIE IS HY?

Geagtige Redaksie

**Ken u hom?**

Hy is al baie jare hier op Affies. Baie keer vergeet 'n mens van hom en tog is jy so onderlangs van hom bewus. Gedurende die gewone periodes merk jy hom nie maklik op nie. Ons is dan almal te besig om te konsentreer op ons werk.

Mens kan hom ook nêrens in 'n hoekie vaskeer nie — hy is te goed verskuil om hom op die tafel te kan sit of in 'n proefbuis toe te kurk of selfs tussen die trofeë in die skoolhoof se kantoor te vertoon.

Daar is egter wel dae waarop 'n mens baie bewus is van sy teenwoordigheid. By Interhoër of tydens 'n baie belangrike rugbywedstryd speel hy 'n baie belangrike rol. Om die waarheid te sê, dan is sy teenwoordigheid deurslaggewend. Ek kan nie anders as om te dink dat Afrikaans Hoër Seunskool sonder hom maar 'n gewone ou skooltjie sou wees nie. Hy is vir ons 'n inspirasie. Sonder hom is ons nie tot veel in staat nie, en val ons beste planne en ideale deur die mat.

Nou moet ek toegee dat hy sommige jare baie meer aktief is as ander jare. Daar was ook jare toe hy heeltemaal ingesluimer het. Die jare wil ons maar liewer van vergeet

Die afgelope jare het hy ons egter tot groot hoogtes gevoer. Van die beste akademiese en sportprestasies is onder andere deur sy toedoen behaal. Hy het ons ons laat hees skreeu in ons aanmoediging en toejuigings. Hy het ons laat moed hou toe dit sleg gegaan het. Hy het ons op ons tande laat byt toe ons soms gevoel het om te gaan lê!

Kan u raai wie hierdie onmisbare vriend is? Ja, dit is die Gees van Affies.

Die uwe,
H.P. Cronjé
9 B.

* * *

### DRIE IS TE VEEL!

Geagte Redakteur,

Ek wil graag my beskeie mening lug oor 'n saak wat lankal haper, en wat ek voel al die seuns in ons skool raak. Waarom moet ons drie eksamens per jaar skryf?

Ons het nog altyd (soos u deeglik van bewus is) twee eksamens per jaar geskryf. Met die koms van die drietermynstelsel het die gebruik in die niet verdwyn en sit ons nou met meer eksamens as wat ons kan behartig op ons hande. Soos ek dit verstaan, was lg. stelsel bedoel om meer tyd te benut, sodat al die werk wat afgehandel moet word, afgehandel kan word. Is dit 'n aanvaarbare ekskuus om ons met meer eksamens op te saal?

Dit is wetenskaplik bewys dat die mens se brein beter funksioneer by lae temperature as in warm weer. As ons dus net die laaste twee termyne eksamen skryf (die tweede termyn is in die winter geleë), kan ons baie beter presteer, omdat ons beter kan dink, en meer werk makliker kan inneem, sonder om moeg te word.

Die eerste termyn hoef ons net twee toetse te skryf (wat ons meer tyd gee om te leer). Na my mening behoort ons die werk aan die einde van die termyn goed te ken. In die daaropvolgende twee termyne moet ons ook twee toetse voor die eksamen skryf, sodat ons daardie werk ook soos die eerste termyn s'n sal ken.

Die tweede termyn se eksamen behoort helfte van die jaarpunt te tel, wat ons ook die kans sal gee om goed te doen, omdat ons dan oor minder werk skryf.

Die herhaling wat die drie eksamens plus toetse meebring, maak die werk oninteressant. Die langer termyn maak mens klaar moeg vir skoolwerk, sodat die gedagte aan 'n eksamen 'n mens jou werklus laat verloor. Hiermee wil ek weer vra: Waarom?

Die uwe,
Ek vra Maar.

* * *

### KASSIES ASB!

Redakteur,

In lande soos die V.S.A. het elke leerling in die skool sy eie staal- of houtkassie waarin hy sy benodigdhede vir die skooldag kan bêre. Die kassies toon hier van onskatbare waarde te wees.

Gestel die Affies het ook sulke stoorkassies. Alle reënjasse — soos u weet ons verplig ons huidige klimaat ons om tydig en ontydig een byderhand te hê, nat swembroeke, sportsakke en boeke wat nie onmiddellik in gebruik is nie, kan daarin gebêre word. Ook artikels waaraan groot sentimentele waarde geheg word soos 'n oorgeërfde pen of 'n duur houtwerktekenstel kan in die kassie gebêre word terwyl die eienaar houtgerus sport beoefen.

Word kassies deur die Onderwysdepartement daar gestel, bring elke leerling slegs 'n paar rand om die onkoste te help dek en sy eie slot.

In my geestesoog sien ek al klaar die rye netjiese Affies oor die vierkant loop — minus druppende swembroeke, verfrommelde houtwerktake of sportsakke wat meer as propvol is.

Johan Naudé
St. 9 B

* * *

### KOSHUIS DRA SWAAR

Geagte Redakteur,

Ek is nou al vier jaar op Affies en weet ek derhalwe basies wat hier aangaan en wat nie. Daarom kan ek maklik die stelling maak dat Affies al hoe meer om die koshuis begin draai. Hierdie afhanklikheid van die skool het ontstaan ten koste van die koshuisleerlinge se vryheid. Ek weet dit klink verregaande — laat ons dit bewys.

Tydens ons "goed geondersteunde debatte" is daar gewoonlik die skitterende opkoms van honderd-en-sestig leerlinge. Honderd-twee-en-vyftig daarvan is in die koshuis, die res is sprekers. Dieselfde patroon word gevolg gedurende die filmvertonings alhoewel ek moet toegee dat ons dagskolier juniors dit meestal ondersteun.

Met die minder gewilde sportsoorte soos swem moet die koshuis weer die gelag betaal. Ek wonder of 'n mens die dagskolier-ondersteuners by Menlopark of Hillcrest op die vingers van jou een hand kan tel.

Om hier 'n goeie beeld na buite uit te dra moet die koshuis se naweke ingeperk word. Toe ek in St 6 was het ons ses per kwartaal gehad. Vandag moet ons met vier tevrede wees. Kan gesinsbande so heg gehou word. Ek pleit vir beter samewerking van ons dagskoliere, om daardeur ook die koshuis te help.
9C

### YSSKAATSKAMPIOEN

**Hannes Potgieter was vandat hy ses jaar gelede begin skaats het, al drie keer Noord-Transvaalse — en drie keer Suid-Afrikaanse kampioen.**

Aan die begin van die jaar het hy Suid-Afrika verteenwoordig by die wêreld-ysskaatskampioenskappe in Frankryk. Vir sy deelname daar het hy nasionale kleure verwerf; dit beteken dat hy Suid-Afrika daar verteenwoordig het in dieselfde hoedanigheid as 'n Springbok. Dit is nog net 'n kwessie van een gradering voordat dié besondere eerbewys aan hom toegeken sal word.

Van die tweede tot die vierde April het hy aan die "Skate-Safari", 'n internasionale kompetisie deelgeneem. Daar het hy weer eens Suid-Afrika verteenwoordig in die senior afdeling teen Europese en ander lande. Ons vertrou dat ons skool een van die dae met nog 'n jong Springbok sal kan spog.

Christof Heyns.

Sewende plek op "skate-Safari" behaal.

Baie geluk, Hannes!



Met Komplimente van:
PS TIMBER
311 VERMEULEN STR.
TEL. 34825/6/7

- Reistasse (groot verskeidenheid)
- Reissakke
- Inkopiesakke
- Sake-tassies
- Akte-tassies
- Grimeertassies
- Oornag-tassies
- Dames-mode-handsakke

PRETORIA SE IN-DIE-KOL REISTASSPESIALISTE

LUGGAGEWORLD

KOEDOE DEURLOOP,
PRETORIUS STRAAT 234,
TEL. 3-3476

Leweransiers vir alle koopverenigings

# HOE OM DIE MAN VAN JOU DROME AAN TE KEER

Na die skouspelagtige sukses van verskeie onderwyseresse van die Afrikaanse Hoër Meisieskool op dié gebied in die afgelope termyn, het die Redaksie van Stroom-op dit goedgedink om elke dogter 'n leidraad te gee oor hoe hierdie speletjie met 'n klein bietjie onderminqsgees tot 'n fyn kuns ontwikkel kan word, sodat jy die man wat in gedagte het maklik kan vastrek.

Daar is 10 tipes om van te kies (moenie verwag om hierdie indeling in Sielkunde-handboeke te kry nie). Jy selekteer die tipe waarin jy belangstel, bestudeer ons wenke (wat deur kenners saamgestel is), en spring weg.

Sukses is verseker indien jy die aanwysings noukeurig volg.

**DIE VERSKILLENDE TIPES EN HOE JY TE WERK MOET GAAN:**

1.. DIE WERKMANIAK:

1) Ken die werking van die aandelemark binne-buite. Weet wat die prys van trekkers op die oorsese markte is. Ken die voordele van marknavorsing.

2) Sien enige drama, rolprent of opvoering. Jy sal in elke geval selde daarin slaag om hom te kan saamsleep.

3) Praat met jouself — raak gewoond daaraan.

4) Eet saam met hom — wanneer hy natuurlik 'n oomblik daarvoor kan afknyp. Dit mag die enigste kans wees wat jy ooit sal kry om hom te sien.

★ ★



II DIE HUISHOUDKUNDIGE TIPE:

1) Dra katoen rokkies. Voorskote.

2)Eet enige iets wat hy in jou mond sit. Dit sal hom aan jou sy hou. As jy toevallig op hierdie stadium jou gewig dophou — vergeet dit.

3) Kweek jou eie groente.

4) Praat oor sy wonderlike nuwe dis.

5) Praat oor jou absolute passie vir tuisgekweekte wortels.

★ ★



III DIE KUNSTENAAR:

1) Kleredrag — beslis buitengewoon (enige iets van Italiaanse sy tot Romeinse sandale).

2) Besoek Parys (Frankryk). Kunsuitstallings.

3) Lees kunskritieke.

4) Ken die betekenis van Ekspresionisme.

5) Praat oor kleur, atmosfeer.

6) Eet wanneer julle af en toe terugkom aarde toe.

★ ★



IV DIE SIEL EN LEWE VAN DIE PARTYTJIE:

1) Gaan na elke partytjie toe waarvan jy hoor. Of jy uitgenooi is of nie is nie ter sprake nie. Wees maar 'n bietjie dikvellig.

2) Vergeet van rolprentvertonings, dramas en opvoerings. Besoek partytjies.

3) Waaroor moet jy gesels? Nie nodig. As jy hom miskien in 'n hoekie kan vaskeer moet jy maar net die ene ore en belangstelling wees.



V DIE STIL-STERK TIPE:


1) Besoek etensuur konserte en voetbalwedstryde.

2) Praat een strook deur wanneer hy jou uitneem — moenie desperaat raak wanneer jou stil-sterk man stil bly nie.

3) Lees alles waarop jy jou hande kan lê. Om te kan aanhou met babbel moet jy iets hê om oor te babbel.

4) Belangrik — weet wanneer om op te hou babbel.

★ ★



VI DIE MAN VAN AKSIE:

1) Dra safari uitrustings. Leer langbroeke. Stewels.

2) Boer by sokkerwedstryde.

3) Lees "Hoe om fiks te bly" en "Die waarde van oefeninge vir die mens"

4) Kamp uit. Doen landloop. Spring tou. (Moontlik nooi hy jou vir 'n staptoer oor die kontinent van Afrika)

5) Stel intens belang in die seiljagsport.

6) Weet hoe om op 'n motorfiets te reis sonder om te verloor.

7) Gaan kyk na "Kelly's Heroes"

8) Eet Pronutro. Eintlik enige iets wat jou genoeg krag sal gee om by te bly met dié tawwe ou. As jy natuurlik wil aanhou probeer.

VII DIE INTELLEKTUALIS:

1) Kleredrag: kleurloos en bedekkend. Dis die brein wat tel, onthou. Die res is opsioneel. Hoe meer jy van laasgenoemde het hoe minder ruimte is daar vir die brein. (Dis in elk geval wat hy dink).

2) Besoek die naslaanbiblioteek op Saterdagmiddae. Gaan beslis na lesings toe oor "Chemiese Komposisies". Staan in boekwinkels rond tydens jou etensuur.

3) Lees die "Finansiële Verslag" en "Die Krisis van ons Eeu".

4) Speel skaak. Begin met rekenaarswetenskapklasse.

5) Ken — die gevaar van besoedeling vir die geslagte van die toekoms.

6) Praat — asseblief tog niks ligsinnings nie.

7) Praat oor alles wat jy al gelees het vandat jy die dag jou eerste boek oopgemaak het.

8) Sien — "Hamlet", "Faust"

9) Eet wat jy lus het, hierdie ou sal dit nie raaksien nie.

★ ★



VII DIE "GROOVY"-TIPE:

1) Dra die nuutste Gipsy-modes. Midis en Mavis. Geblomde bloese en tunieke. Stewels, chokers, goeters en dinge ens. Dra definitief 'n band om die kop.

2) Besoek die Groentemark, Kunssentrum.

3) Hang uit by diskoteke.

4) Koop jou kos by 'n gesondheidswinkel.

5) Ry op 'n branderplank

6) Knoop en doop iets fantasties vir jouself.

7) Kry 'n kitaar.

8) Ken Simon en Garfunkel. Ook Woodstock.

9) Praat laag en hees.

10) Wys hoe vreeslik lief jy is vir Lewe.

11) Drink bokmelk.

★ ★



IX DIE SEEROWER:

1) Gaan na plekke toe waarheen mans graag gaan: 'n motorskou, tydskrifwinkel, restaurant.

2) Weet wanneer om stil te bly en wanneer om wat te sê.

3) Praat slegs wanneer hy daarvoor lus is.

4) Eet baie — jy sal die krag nodig hê.

★ ★



X DIE DON JUAN:

1) Dra ultra-vroulike kleertjies.

2) Gaan na die plekke toe waar daar baie meisies is. Hy sal daar wees.

★ ★


**Bron:** Oorgeneem uit 'n Stroom-op van jare gelede en enigsins gewysig.

---

**ST. 8C — FLOP 20**

Dalen Brits — Leader of the pack.
Joice Low — There are more questions than answers.
Lorraine Botha — Daydreamer.
Retha de Bruin — All I want for Xmas is my two front teeth.
Ansie van Heerden — Private number.
Elaine Coetzer — Sunglasses.
Trudie Fourie — I'm a down.
Francis Botha — Butterfly.
Brigette Hoffman — Silence is golden.
Elmarie van der Merwe — Blockbuster.
Mona Hartman — Young Love.
Marie Kruger — Baby baby don't get hooked on me.
Amanda Louw — Love Hurts.
Vivia Eyssel — Pretty Belinda.
Raina van Aarde — Thumberlina.
Leoné Swanepoel — For your precious love.
Heléna van Wyk — Cry to me.
Marie Lamprecht — Lady Madonna.
Elize Badenhorst — Brown Eyes.
Rita Schreuder — Senorita Konsertina.

ST. 8C


**COLLEGE STATIONERS-SKRYFBEHOEFTES**

★

Rissikstraat 160,
Posbus 27937
SUNNYSIDE
PRETORIA
Tel.: 44-2028

★

Koop by ons en spaar!

★

Die winkel met vriendelike bediening.

★ ★ ★

*Kom besoek CHECKERS by Sanlamwinkelsentrum in Lynnwoodweg vir die laagste pryse.*

**Ondersteun CHECKERS!**

**SUPERTRAMP JEAN'S BAR: (Lynnwoodrifsentrum) Verkopers van Tienerdrag in die nuutste modes. Make soos die volgende word verkoop:**

**Gap; Wevi; Lee; Teeny-Tages; Rammles; Ego Creations.**


**Groot voorrade van klinknaelbroeke; langbroeke, "tops"; baadjies ens.**

**Al's volgens die nuutste modes!! Skoliere en studente kry spesiale verlaagde afslag!!!!**

**Kom besoek ons gerus!!**
**Tel: 47-1280**

# Sportman van die Termyn

**Anton Henning van Niekerk was slegs vier jaar oud toe duik hy al vir die eerste keer in die swembad vir Noord-Transvaal se onder 10 span. Gedurende sy standerd vier jaar word hy gekies as lid van die Noord-Transvaalse Junior Lewensreddingspan wat by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in 'n spankompetisie 'n eerste plek behaal. Die volgende jaar word hy vir die hoërskole swemspan in die onder 14 ouderdomsgroep gekies en verteenwoordig die Noord-Transvaalse hoërskole swemspan tot en met sy matriekjaar toe hy vir die sesde keer agtereenvolgens verkies is. Dit is 'n rekord wat moeilik geëwenaar sal word. Die vorige rekord was slegs vier jaar.**



*Anton van Niekerk, agt eerste plekke! Foto — G. Joubert.*

In standerd ses en sewe is hy lid van die Noord-Transvaalse Lewensreddingspan In sy standerd agt jaar behaal hy op die Suid-Afrikaanse Senior Swemkapioenskappe 'n agtste plek in die 400 m vryslag en 'n elfde plek in die 1500 m vryslag. Die volgende jaar, by dieselfde byeenkoms en weer vir die Noord-Transvaalse Senior span, behaal hy 'n derde plek in die 400m vryslag en 'n sesde plek in die 400m wisselslag. Dieselfde jaar, by die Suid-Afrikaanse Hoërskole Swemkampioenskappe, behaal hy 'n tweede plek in die 400m vryslag en 'n derde plek in die 200m vryslag. In sy matriekjaar, behaal hy op die Senior Suid-Afrikaanse Swemkapioenskappe 'n derde plek in die 400m wisselslag en 'n agtste plek in die 200m vryslag. Op die Suid-Afrikaanse Skole Kampioenskappe, behaal hy 'n tweede plek in die 400m vryslag. Sy tyd vir hierdie item was dieselfde as dié van die persoon wat gewen het en was 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord. Ook behaal hy 'n derde plek in die 200m vryslag. Hy het as kaptein van die Noord-Transvaalse span opgetree.

## AGT EERSTE PLEKKE

Anton behaal ook by die Noord-Transvaalse Senior Swemkampioenskappe in sy matriekjaar, agt eerste plekke waarvan twee in nuwe rekordtye afgelê is. Hulle is die 100, 200, 400 en 1500 meter vryslag, die 200 en 400 meter wisselslag, die 100 meter vlinderslag en die 200 meter borsslag. Die 400 meter vryslag het hy in 'n rekordtyd van 4 minute 24,4 sekondes afgelê en die 400 meter wisselslag in 'n rekordtyd van 5 minute 2,9 sekondes. By hierdie byeenkoms behaal hy ook 'n derde plek in die 200 meter rugslag. Hierdeur het Anton bewys dat hy sonder twyfel die beste swemmer in die geskiedenis van Affies is.

Anton is nie die enigste van Niekerk wat deur middel van swem by Affies naam gemaak het nie. 'n Paar jaar gelede het sy ouer broer net sulke diep spore in Affies se swem annale "geswem". Hy het dan ook sy provinsie op hierdie gebied verteenwoordig.

Anton het sy Laerskool-opleiding aan die Menloparkse Laerskool begin en oor sewe maande wil hy sy skoolopleiding staak — Dit het nou so 'n bietjie te veel vir hom geword. (Wat kan mens ook anders verwag na elf jaar en drie maande op harde skoolbanke?) Hy beskou Simon Gray, Paul Blackbeard en Terrence Kelly as van sy grootste teenstanders.

Om tot die mens Anton van Niekerk te kom, is baie moeilik want hy is nie soos 'n motor wat aan sy bakwerk geken kan word nie. Jy kan Anton hoe goed ken, elke dag leer jy iets meer van hom. Sy vriende ken hom as 'n stil, vasbeslote leier wat nie met sy prestasies te koop loop nie en altyd opgewek is en nooit kla nie. Hy beskik oor die vermoë om hom in enige situasie te handhaaf. (Hiervan kan sy Latyn kollegas getuig).

In Anton se lewe is daar drie persone wat vir hom en sy swem baie gedoen en beteken het. Hulle is Bob Campbell, sy afrigter, wat volgens hom baie bygedra het tot sy prestasies en dan sy ouers. Hy weet nie wat hy aan hulle verskuldig is nie behalwe dat dit baie is. Hulle het om altyd onderskraag, bygestaan, moed ingepraat en ook gesorg vir genoeg speedo's.

Die betekenis en waarde wat swem vir Anton inhou en alreeds was, is moeilik bepaalbaar of voorspelbaar. Volgens sy eie mening, was swem ook vir hom 'n sosiale hoogtepunt. (Hopelik buite die swembad).

Oor die toekoms wil Anton nie uitbrei nie en oor moontlike mikpunte swyg hy — tipies Anton Henning van Niekerk.

Graag wil ons vir Anton baie geluk wens met sy lang lys van prestasies en hom bedank vir al die opofferings wat hy al gemaak het om Affies se naam hoog te hou. Ook wil ons hom alles van die beste toewens vir die toekoms Ons sien daarna uit om binnekort sy naam op die ererol vir Springbokke te sien.

DICK PUTTER.

## RUGBY '75

**'n Skool soos Affies het nooit 'n swakker of sterker eerste rugbyspan as die vorige jare nie. Die sukses wat die span behaal hang daarvan af of hy sy kanse ten volle benut of nie. Na my mening het vanjaar se span meer vuur en rugby-lus as vorige jare en die dinge lyk baie belowend. Mnre. Piet Knipe en Drik de Vos is die aangename taak opgelê om die aspirant eerstespan spelers fiks te kry vir die seisoen wat voorlê; iets waarin veral mnr. Knipe baie goed slaag (- met die hulp van Loftus se pawiljoene, die skrummasjien en Lovedaystraat natuurlik).**

Twintig spelers onderneem hierdie vakansie 'n toer na Oos-Londen. Die spelers sal met die Jumbo afvlieg en by Troskie-hulle tuisgaan. Die toer sal agt dae lank wees en vier wedstryde sal gespeel word nl. teen Grens Hoërskool; die Hoër Handelskool Oos-Londen; die Hoër Tegnieseskool en John Randall High.

Mnr. Knipe het ons verseker dat ons hierdie keer gaan om rugby te speel — iets vertel my hy was saam Rhodesië toe verlede jaar.

Die jaarprogram van die eerste span is as volg:

| | |
|---|---|
| 17 Mei: | Helpmekaar |
| 24 Mei: | Menlopark |
| 31 Mei: | H.F. Verwoerd. |
| 7 Junie: | Verwoerdburg. |
| 14 Junie: | John Vorster Tegnies |
| 21 Junie: | C.R. Swart |
| 25 Junie: | Erasmus |
| 28 Junie: | J.J. du Preez. |
| 5 Julie: | Brits. |
| 12 Julie: | Port Natal |
| 26 Julie: | Nelspruit. |
| 5 Augustus: | Boys High. |

* *

# WATERPADDAS

**Onder die bekwame leiding van Ren Oosthuizen en Carel Spies (kaptein, afrigter, en bestuurder) is daar hierdie jaar begin met die heropbou van die waterpolo spanne aangesien die meeste senior spelers laasjaar die skool verlaat het.**

In die eerste vriendskaplike kragmeting teen Menlopark het die onervarendheid van ons spelers nog teen hulle getel, net die B-span slaag daarin om met vier doele teen drie te wen. In die eerste liga wedstryd teen Menlopark is dit die B- en juniorspanne wat wys hoe dinge gedoen moet word. Hulle wen onderskeidelik 4 teen 0 en 5 teen 3.

A.g.v. die toestand van ons swembad word die tweede wedstryd teen Menlopark tydelik uitgestel, maar vind wel later by Menlopark plaas. Die eerste span verloor net-net 7-0 terwyl die B- en junior spanne Menlopark weer eens ver(drink)trap deur 5-1 en 4-2 onderskeidelik te wen. Die eerste span herstel sy naam in ere deur teen Boys High gelykop te speel met 5 doele elk.

In die geheel was dit 'n goeie seisoen, daar het verskeie nuwe spelers na vore getree, senior sowel as junior. Die magtige B-span tree ook onoorwonne uit die stryd. Baie geluk aan al die waterpolo spelers. Ons vertrou dat dit volgende seisoen baie beter sal gaan.

Gideon Joubert.





## HELPIES EN ANDER GESLAG!

**Affies het hierdie jaar weer eens skoonskip gemaak van al sy jaarlikse vriendskaplike atletiekbyeenkomste. Ons het vir die eerste keer teen Florida en omliggende skole deelgeneem. Ons hoop dat hierdie 'n jaarlikse instelling sal word.**

Op Saterdag 8 Februarie het ons na Helpmekaar opgeruk. Van vroegdag af het ons stadig maar seker met die Helpies afgereken. Nie net die atlete het gewen nie. Omdat die skool agter sy atlete gestaan het, het Affies ook vir Helpmekaar op hulle tuisveld oorrompel, met behulp van die orkes wat op hul beurt letterlik en figuurlik agter die Affies gestaan het. Na die "streaker" verby is, wen ons die seunstotaal met 'n voorsprong van 34½ punte.

Nie baie lank daarna nie, op Saterdag 15 Februarie, toe ruk 'n gedeelte van Affies weer op na die Goudstad. Alhoewel dit net 'n klein groepie was wat op Florida gaan kuier het, het dit geklink of die hele skool daar was soos die manne gesing het. Toe Affies daar wegruk die middag, ruk hulle die eerste plek in die seunstotaal saam asook 'n pragtige oorwinning op die pawiljoen. Die seunstotaal wen ons, met ons naaste teenstander 107 punte agter ons.

Die "Galle" probeer op Maandag 24 Februarie teen ons opruk maar ruk hulself vas. Die Affies verower Boys High met 285 punte teenoor 179 punte. Ons het al die aflosse behalwe die o/16-aflos gewen.

'n Puik oorwinning, deur 'n puik span saam met 'n puik orkes, van 'n puik skool.

Wiele van Heerden.

## ROBIN HOOD-KLUB

Affies wat hom op soveel terreine laat geld se sportklubs het nog verder uitgebrei. Aan die begin van hierdie jaar is 'n boogskietklub by die skool gestig. Groot talent op hierdie gebied het reeds vroeg in die jaar te-voorskyn getree.

Om boogskiet te kan be-oefen word nogal verbasend baie toerusting benodig. Die belangrikste is natuurlik die boog wat van veselglas en hout gemaak word en die pyl wat van aluminium allooi met 'n staalpunt gemaak word. Verdere toerusting wat benodig word is 'n vingerstuk, armbeskermer en borsstuk wat almal dien om jou teen die snaar te beskerm en te verhoed dat die snaar êrens vashaak. 'n Pylkoker maak ook deel uit van die volledige uitrusting. Daar is vier verskillende ouderdomsgroepe waarin gekompeteer word, nl. onder 10, onder 14; onder 17 en bo 17. Die maksimum afstande waarvandaan hulle onderskeidelik skiet is 40; 50; 70; en 90 meter. Enige persoon al het hy nog nooit 'n boog hanteer nie, kan leer skiet. Niks word benodig om by die klub aan te sluit nie. Alle toerusting word verskaf tot tyd en wyl die lede hul eie toerusting aangeskaf het. Almal is baie welkom om nog aan te sluit.

Barry Grobbelaar.

## 'N REKORD

**Een van die voorste manne van Afrikaans Hoër se wapentuig het nog 'n rekord opgestel. Natuurlik verwys ek nou na die alombekende oudstryder mnr. L. Pretorius.**

Sedert hy 33 jaar gelede by Affies begin skoolhou het, het hy gesorg dat nog vier Pretoriusse Affies se skoolbanke deur sit.

En nou het hy selfs daarin geslaag om twee dames ook hier te kry. Sy twee skoondogters bring die totaal uit die familie te staan op sewe. Voorwaar 'n uitmuntende prestasie. Veels geluk meneer!

Jean Marais.


**PERMA CONSTRUCTORS**

★

*Ingenieurs vir Industriee*

★

**POSBUS 596, SASOLBURG**



## INTERHOËR

Koud, nat en triestig
Die weer is bra ongunstig!
Al wens ons dit is bietjie droër,
Hou Bond B vandag Interhoër.
Ons het almal verras
Want toe dit begin reën, sit Affies bankvas
Almal hardloop vir skuiling
Terwyl ons vir hulle sing:

"Whê, Whê, julle is bang vir die reën!"

Jy sien 'n skaar wit vlieënde pierings
Of is dit dalk Affies se hoofversierings?
Vyf bandiete het blykbaar ontsnap ...
Kyk net hoe hulle dit uitkap
Dis ons mooi dirigente
Affies, wed op hulle jul sente!
Die resies is nou in volle swang
En geen Affie is bang
Op die glad en sopnat baan
is daar telkens 'n Affie vooraan
Die toeskouers is rasend
Want die Affie-rekords is verbasend!
Ons raas, skree en juig.
Almal sal voor ons buig.
Oos-Moot dink wel hulle't gewen
Maar volgende jaar ry hulle aan die pen.

"Affies, Affies dra die blou."

FEARIKA BOTHA ST. 8F

## 'n Dag in die lewe van 'n skoolkind: (St. 10)

GESKIEDENIS: Ons kry dat dit gebeur dat dit kom dat Hitler ...
AFRIKAANS: Goeie hemel kind, moenie die kieme van jou pen afsuig nie.
BIOLOGIE: Kom, kom, mensies, op julle agterpootjies.
ENGELS: Good, girls, let's go on.
JEUGWEERBAARHEID: Meisies, julle moet besef dat julle nie volgende jaar meer in die skool is nie.
WISKUNDE: Daar's 'n HOOP vir die matrieks om wiskunde aan die einde van die jaar deur te kom.
BEDRYFSEKONOMIE: Dogters, daar is van julle wat nie julle beste lewer nie.

A.C. ST. 10

**Waenhuis**

Vir handgemaakte artikels en meubels uit eie bodem Lynnwoodrifsentrum.

**MISS JACKSON**

She is our English Teacher,
and will get married on the day of Easter
We have to make her confetti,
for she must look pretty.

Her husband doesn't know,
that she can't even sew.

KERIN GROSSKOPF ST. 7A



*Sandra de Wet en Leonre Gouws — twee spog-atlete.*

* * *

# DIE WIEL DRAAI!

Na die afsluiting van die atletiekseisoen, kom ons tot die slotsom dat dit goed begin gaan.

Daar was hierdie seisoen weer pragtige individuele prestasies, maar die gesamentlike poging deur atlete en afrigters (sters) asook die entoesiasme kan nie misgekyk word nie. Ons sê dan ook baie dankie aan al die atlete en afrigters vir 'n reuse bydrae. 'n Paar atlete verdien ons hartlike gelukwensing met hul prestasies:

Baie geluk aan Sandra de Wet wat as hoogspringer vir die vyfde jaar as lid van die Noord-Transvaal span na die S.A. Juniorkampioenskappe gekies is. Sy het ook aan die Eerste Ope-Internasionale byeenkoms in N.Tvl. deelgeneem.

Op Leonie Gouws is ons net so trots. Atletiekgeskiedenis is gemaak toe sy met die Interbondbyeenkoms twee S.A.-rekords op een middag verbeter het. Die skyfwerp vir Dogters onder 16 na 41,31m en die Gewigstoot na 13,10m.

Hierdie rekords wag natuurlik nog op amptelike erkenning. Sy is ook weer eens vir die vierde keer as lid van die N.Tvlse span gekies en sal haar provinsie hierdie jaar op die Jeugbyeenkoms in Kaapstad en die Juniorbyeenkoms op Standerton in die gewigstoot en skyfwerp verteenwoordig.

Ons beste wense vergesel al die atlete van Affies.!

**The Image** (Lynnwoodrifsentrum)

VIR GESKENKE EN HUISPRAG: Tel. 47-1737 Verkopers van Linne handdoeke, juwele, "posters"; gewone speelgoed sowel as opvoedkundige Tink-tinkie speelgoed. Kom besoek ons gerus.



*Met sulke puik prestasies, het ons swemsters rede om breed te glimlag!*
*AGTER: Wanda Steyn en Kobie le Roux.*
*VOOR: Kielie Postma en Louiza Oosthuizen.*


## INTERHIGH ("GALA") ESSENTIALS

**Place:** Pilditch
**Date:** 18th March 1975
**Time:** 8h00 — 17h30
**Ingredients:**

- Firstly the whole of A.H.M.P.'s girls armed with "cheese-cutters"
- Rain, rain, rain ...
- Sun? (This spoils the whole recipe. Definately don't use it!)
- Coldness (As cold as possible for the best results)
- Soppy clothes **(Everything!)**
- Ice-cream (to know something is colder than you are)
- And of cours: John Vorster's boys and
- Rain, rain and beautiful rain ...

Result:
Try it and you will definately get excellent results.
**PS:** This recipe is infallible (Tested and "approved" by A.H.M.)

VERENA GEVERS 10A



*Ons hoofmeisie, Etresia Prinsloo, wat pragtig presteer in die middel- en langafstande.*

* * *

## DON'T BE BORED, BUT ...

I like rain and cool woods ...I like clouds, floating in a blue sky ... and birds, and cats, and little puppies ... and lambs at play.
I like the sea when it wears diamonds, procured by a red, red sun ... and lilacs in Spring.
I like the smell of burning leaves, and fresh tar and wet pavements ... and the taste of juicy, red apples. I like pretty dresses, and weddings, and babies, and posters, and the sunset,
I like seeing a film, and playing hockey ...
I like talking to friends who understand me,
I like just standing still, and listening and smelling and looking and living.
I like being sixteen ... I like tracing the patterns on a rough tree trunk with my finger tips ....
I like daydreaming and drifting in the hasel world just before sleep comes ....
I like people
I 'm happy.

SUSAN LE ROUX STD. 9A

Vrienskap is soos wyn
Hoe langer dit gehou word
hoe beter is die kwaliteit.

AMELIA KLEYNHANS

DIE TRUST BANK
VAN AFRIKA BEPERK
Geregistreerde Algemene Bank)

PRETORIUSSTRAAT 286,
PRETORIA

Telegrafiese Adres:
Trustbank Posbus 1199
TELEFOON 48-2411

# DIT WIL GEDOEN WEES



*Martie Jordaan en Marié van Reenen — twee tennissterre.*

Die Appletiser Bowl-kompetisie

Suid-Afrika en Suidwes word in 'n aantal streke verdeel: 22 vir seuns en 22 vir dogters. Daar word uitdunrondes gehou en die wenskool van elke streek word na die tussenreekse eindstryde te Stellenbosch gesteuur. Affies het geskiedenis gemaak deur die eerste skool te wees wat beide die dogters- en die seunstrofeë verower het.

Marié van Reenen en Martie Jordaan was Meisieshoër se twee spanlede.

Marié het ook die eer te beurt geval dat sy een van die twee dogters is wat teen die besoekende Wes-Duitse tennisspan gespeel het.

Hierdie twee spogdogters en hulle spanbestuurderes, mej. Swart, word hartlik gelukgewens!

HOU

LEKKER

VAKANSIE!

TERMINUS
Kontant Winkel
*'n Oase vir die dorstige*
Kafee en Kruideniersware
Jorissenstraat 501,
PRETORIA.
Tel. 44-4718

SPREILIGTE ASSEBLIEF:

Die Koshuis is 'n snaakse plek. As jy wil gaan tennis speel dan makeer daar altyd iets. Speel jy in die donker dan waag jy 'n geweldige hou maar niks gebeur. Eers 'n paar sekondes daarna tref iets jou op die oog. Dan moet jy weet "dat dit maar net die tennisbal is." Of jy slaan weer 'n hou maar dan gebeur daar niks. Sieeeeee-eeng klap die tennisbal teen die draad vas. Dan is dit rêrig 'n mislukking. Aandag Asb.: "SPREILIGTE ASB."

Gertie Coetzee 6D

Soos elke fasset van menswees sy hoogtepunte oplewer, was Interhoër 'n hoogtepunt vir Affies se atlete. Ons atlete se maandelange oefening was gefokus op Interhoër. Interhoër laat mens sidder; Ons het teen die sterkste skole in Pretoria meegeding. Die spanning het hoog geloop. Die film "Visions of Eight" wat die afrigters aan die atlete ter voorbereiding getoon het, het hulle verbeelding op loop gesit. Uiteindelik het die dag aangebreek — Dinsdag, 4 Maart. Dit was 'n pragtige sonskyn dag en die atlete en toeskouers het uitgesien na die dag wat voorlê.

Die program het foutloos verloop en daar is nooit na 'n Affie-atleet gesoek nie. Die manne het puik presteer en geveg vir elke plek. Menlopark was 'n waardige teenstander en het hul oorwinning oor ons verdien.

Die toeskouers se optrede was puik. Die meeste Affie ooit het die byeenkoms bygewoon en tot aan die einde van die dag gebly. Om 'n duisend manne in toom te hou is geen maklike taak nie en ons vier dirigente het hul onverbeterlik van hul taak gekwyt. Baie dankie aan Harry, Lourens, Piet en Steve.

Affies het die aflosbeker wat hy sedert 1969 elke jaar verower het, weer eens gebuit. Baie geluk aan al ons atlete en in besonder aan die wat deurgedring het na Interbond.

## APPELBYEENKOMS

Die jaarlikse Appel byeenkoms was een van die opwindendste atletiekbyeenkomste hierdie jaar. Die Appel byeenkoms is daar gestel om die beste atletiekskool in die land aan te wys. Wat dié byeenkoms uniek maak, is dat slegs O/17 en O/19 mag deelneem en die span mag slegs uit 21 lede bestaan.


Saterdag 8 Maart het die atlete gedetermineerd na Pilditch gegaan met 'n wil om te wen. Die atletiek was uiteraard van hoogstaande gehalte en die kompetisie was geweldig sterk. Affies se atlete het soos nog nooit tevore presteer en ons was die gunstelinge om te wen.

Toe die totale aangekondig is, was Affies naelskraap tweede na Menlopark. Maar Affies weet hoe om te verloor. Op 'n grootmoedige wyse het Jan Marais ons atletiekkaptein, dan ook die hoof van Menlopark geluk gewens met hul oorwinning asook die atletiekkaptein van Menlopark en geen verskoning vir ons nederlaag aan hulle voorgehou nie.

PIET LOUW

ATLETIEK:

## KOUS OOR DIE KOP




*André Joubert spring weg tydens Inter-hoër. Foto — G. Joubert.*

## S.A. KAMPIOEN

**Jan Marais kan met reg beskou word as een van die beste atlete ooit in die geskiedenis van die Afrikaanse Hoër Seunskool.** op uitnodiging het hy Saterdag 22 Maart deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse internasionale veelvolkige atletiekbyeenkoms op Pilditch. In die 800 m het Jan te staan gekom teen die beste atlete ter wêreld onder andere teen Danie Malan van Suid-Afrika. Jan het die hele wedloop voor gewees tot ongeveer 150 m van die wenpaal af. Hy het uiteindelik sewende bekom alhoewel die aankondiger gemeen het dat hy derde was. Dit is weer 'n bewys van hoe kwaai die kompetisie was. Jan het hierdie wedloop voltooi in 'n skitterende tyd van 1 minuut 49,8 sekondes wat dan ook die beste tyd van sy loopbaan is. Baie geluk met hierdie skitterende prestasie Jan. Affies is trots op jou!

## INTERHOËR

### SWEMGALA

**Daar is deur vele met entoesiasme uitgekyk na Saterdag, 8 Maart wanneer die jaarlikse Interhoër swemgala sou plaasvind. As daar egter na die opkoms gekyk word, kan dit eerder van die swemmers as van die toeskouers gesê word.**

Gedurende hierdie gala het maande se harde werk te voorskyn gekom in die vorm van pragtige prestasies deur die Affie swemmers. Staatmakers soos A. van Niekerk, E. van der Merwe en D. Markgraaff het eerste plekke verower. Afgesien daarvan dat min eerste plekke verower is, was die globale indruk deur die swemmers geskep, baie goed aangesien daar dikwels slegs enkele sentimeters verskil tussen die eerste en tweede plekke was. Die A-span van Boys High het ons A-span met 9 punte geklop.

Die finale puntestand was soos volg:

| | |
|---|---|
| A.H.S. | 108 |
| Boys High (A) | 117 |
| Menlopark | 94 |
| Boys High (B) | 51 |
| St.Albans | 48 |
| A.H.S. (B) | 11 |

R. Gioia.

SPORT KIOSK
BARCLAY PLEIN
★ ★
● *Tennis*
● *Rugby*
*Atletiek*
★ ★
en alle sport benodigdhede Tel. 44-7777
*SPESIALE AFSLAG VIR STUDENTE*

Gedruk deur Craft Pers (Edms.) Bpk.